opgesomde finansiële resultate

vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021

Wesens-verdienste
- 27%
tot R4.586 miljard

Opbrengs op ekwiteit
17%

Dividend per aandeel
1 600
sent

Ons behendigheid en inkorporering van digitalisering het ons in staat gestel om meer innoverend te wees en ons het aangehou om bankdienste vir ons kliënte te vereenvoudig gedurende die grendeltydperk. Terselfdetyd het ons verseker dat hulle permanent voordele kan geniet ten spyte van die moeilike tyd die afgelope jaar.

Wesensverdienste

Wesensverdienste het met 27% tot R4.6 miljard gedaal (2020: R6.3 miljard) en ons het 'n opbrengs op ekwiteit van 17% vir ons gewone aandeelhouers gelewer (2020: 28%). Wesensverdienste verteenwoordig R4.6 miljard vir die Kleinhandelbank en 'n verlies van R1.0 miljoen vir die Besigheidsbank. Die amortisasie van die ontasbare bates wat geskep is met die verkryging van die Mercantile Bank groep het R10 miljoen bedra en word by die Besigheidsbank se wesensverdienste ingesluit.

Vir die eerste 6 maande van die finansiële jaar, onderwyl die land in 'n grendeltydperk verkeer het, het wesensverdienste met 78% tot R650 miljoen gedaal vergeleke met die vergelykbare tydperk verlede jaar. Gedurende die tweede 6 maande van die finansiele jaar, het wesensverdienste R3.9 miljard beloop teenoor ons gestelde teiken van dieselfde wesensverdienste as gedurende die 6 maande tot Februarie 2020 (R3.3 miljard). Wesensverdienste vir die 6-maandetydperk geëindig Februarie 2021 het met 18% gestyg vergeleke met die die vorige jaar se vergelykbare tydperk.

Netto transaksiefooi-inkomste was 17% hoër jaar-op-jaar namate ons digitale transformasie voortgegaan het ondanks die COVID-19 pandemie. Ons kredietlewensversekeringsproduk het goed presteer en R965 miljoen wins na belasting opgelewer, 'n afname van slegs 2% vergeleke met die vorige jaar. Dit is ten spyte van die toename in eise voortspruitend uit die pandemie en die feit dat afleggingsrisiko nie sedert 1 Mei 2020 herverseker is nie. Begrafnisplaninkomste was 57% hoër jaar-op-jaar en het R650 miljoen na belasting beloop namate die aantal aktiewe polisse steeds gegroei het en premie-invordering verbeter het.

Ons totale aktiewe kliëntebasis het met ongeveer 160 000 kliënte per maand gegroei en het op 28 Februarie 2021, 15.8 miljoen beloop (2020: 13.9 miljoen).

Kleinhandelbank

Kliënte

Die aantal aktiewe Kleinhandelbankkliënte het met 1.1 miljoen gedurende die 6 maande geëindig Februarie 2021 gegroei, wat die totale aantal Kleinhandelbankkliënte op 15.7 miljoen te staan bring. Dit is 14% hoër as die vorige jaar (2020: 13.8 miljoen).

Transaksies

Totale netto transaksiefooi-inkomste het met 9% gestyg jaar-op-jaar vanaf R7.4 miljard tot R8.1 miljard. Transaksievolumes het met 17% tot 5.3 miljard verhoog. Die koste per transaksie het vanaf R1.62 in die vergelykbare jaar tot R1.52 vir die 2021 finansiële jaar gedaal.

Alhoewel die COVID-19 pandemie ons grootste uitdaging sedert stigting is, het dit terselfdertyd vir ons die geleentheid gebied om aanpasbaar te wees en anders te dink. Ons het 'n fundamentele skuif gewaar in die wyse waarop kliënte banksake handhaaf en het proaktief nuwe funksies by ons banktoepassing gevoeg.

'n Virtuele kaart is ontwerp vir veiliger aanlyninkopies en daar word geen virtuele kaartfooie gehef nie. Die noodsaaklikheid vir kliënte om kontant by hulle te dra, is verminder. Dit is makliker, vinniger en veiliger om die Scan to pay funksie op ons banktoepassing te gebruik om 'n QR-kode te skandeer. Send Cash stel kliënte in staat om fondse na enigiemand, wat nie 'n bankrekening het nie, aan te stuur. Die kontant kan maklik by enige Capitec-OTM of vennootwinkel afgehaal word.

Ons is die grootste digitale bank in Suid-Afrika met 8.6 miljoen aktiewe gebruikers van óf die Capitec-banktoepassing, USSD-kanaal óf 'n kombinasie van digitale kanale. Aan die einde van Februarie 2021, het die aktiewe gebruikers van ons Capitec-banktoepassing 5.3 miljoen beloop. Aktiewe USSD-gebruikers het vanaf 4.9 miljoen gebruikers aan die einde van Februarie 2020 tot 5.0 miljoen gebruikers aan die einde van Februarie 2021 toegeneem. Kliënte het 526 miljoen banktoepassingtransaksies (2020: 327 miljoen) en 536 miljoen USSD-transaksies (2020: 454 miljoen) gedurende die 2021 finansiële jaar uitgevoer.

Alhoewel kaartmasjien-transaksievolumes met 6% afgeneem het vir die 6 maande geëindig Augustus 2020, as gevolg van die grendeltydperk, was daar 'n verbetering gedurende die 6 maande geëindig Februarie 2021. Die aantal transaksies het jaar-op-jaar met 6% tot 1.0 miljard verhoog (2020: 940 miljoen).

Ons het die bekostigbaarheid van ons produkte behou deur die digitale transaksiekoste, debietorderfooie en die maandelikse administrasiefooi op ons Global One rekening in Maart 2021 onveranderd te hou. Dit is die derde agtereenvolgende jaar waar daar geen kosteverhoging toegepas is nie. Die koste van onmiddellike betalings via ons banktoepassing is vanaf R8.00 tot R7.50 verlaag sodat kliënte maklik intydse kitsbetalings aan kliënte van ander banke kan doen.

Ons het kragte gesnoer met Shell. Alle Capitec-kliënte kry 20 sent per liter terug op brandstof en 0.5% kontant terug op geselekteerde items in-winkel by deelnemende Shell-diensstasies wanneer hulle met 'n Capiteckaart betaal.

Spaar

Kleinhandeldeposito's het met R17.8 miljard tot R105.3 miljard gegroei (2020: R87.5 miljard). Gevolglik, het rente betaal aan kliënte op kleinhandeldagdeposito's, vastetermyn-deposito's en kredietkaarte R4.1 miljard beloop (2020: R4.7 miljard). Dit is ondanks die beduidende daling in die repokoers vanaf 6.25% per jaar in Maart 2020 tot 3.50% aan die einde van Februarie 2021. Ons kliënte verdien steeds 'n minimum van 2.25% op lopende deposito's en positiewe saldo's op kredietkaarte. Vastetermyn-deposito's verdien tot en met 7.71%.

Krediet

Ten spyte van 'n uitdagende jaar bly ons steeds innoverend. Die toegangsfasiliteit, wat in Mei 2020 geloods is, bied aan kliënte toegang tot wentelkrediet wanneer hulle dit benodig. Dit is 'n bekostigbare alternatief vir 'n termynlening aangesien kliënte net daarvoor betaal wanneer hulle dit gebruik. Geen rente of maandelikse diensfooi word gehef as die fasiliteit nie gebruik word nie. Die produk is meer buigsaam as 'n tradisionele termynlening aangesien die terugbetalingsbedrag of -termyn verhoog of verlaag kan word.

Capitec Home Loans, in samewerking met SA Home Loans, bied aan kliënte mededingende rentekoerse en 'n afslag van tot 50% op prokureursfooie. Die aansoekproses is vereenvoudig met 'n aanlyn-toepassing wat intyds gevolg kan word. Die produk is in November 2020 geloods en 300 lenings is teen die einde van Februarie 2021 toegestaan en deur SA Home Loans te boek gestel.

Leningsverkope en uitbetalings

Totale lenings voorgeskiet en uitbetalings het met 25% jaar-op-jaar afgeneem tot R29.3 miljard (2020: R39.1 miljard). Termynleningsverkope was 55% laer op R13.1 miljard, terwyl kredietkaartuitbetalings 1% hoër was op R9.7 miljard. Uitbetalings van die nuwe toegangfasiliteit het R6.4 miljard beloop vir die 10 maande sedert bekendstelling. Kreditfasiliteituitbetalings was R0.2 miljard.

Kriteria vir die toestaan van krediet is gedurende die grendeltydperk verskerp en gevolglik het slegs 40% van totale verkope vir die finansiële jaar in die 6 maande geëindig Augustus 2020 plaasgevind (Augustus 2019: 46%). Namate die inperkingsmaatreëls verslap is en ekonomiese bedrywigheid geleidelik toegeneem het, is die kriteria vir die toestaan van lenings omsigtig en deurlopend bestuur. Dit, tesame met verhoogde toegang vir kliënte tot die taknetwerk na afloop van die grendeltydperk, het tot verbeterde verkope gedurende die 6 maande geëindig Februarie 2021 gelei. Slegs 50% van alle takke was gedurende die aanvanklike grendeltydperk oop en teen die einde van Augustus 2020 het alle take bedrywighede hervat.

Daar sal steeds skerp gefokus word op ekonomiese aanwysers, mediaverslae, kredietbureaudata en takarea-intelligensie volgens sektor-, bedryfs- en inkomstevlak om die kriteria vir die toestaan van lenings en kredietrisiko te bestuur.

Netto kredietafskrywingskoste

Betalingsverligting is gebied aan kliënte wat deur die grendeltydperk vanaf 27 Maart 2020 tot 19 Julie 2020 geraak is. COVID-19-herskedulerings het die vorm aangeneem van betalingsvakansies en herskedulerings met veranderlike betalings. Saldo's van R7.5 miljard is herskeduleer. Ná die middel van Julie 2020 is herskeduleringskriteria verskerp en het die waarde van herskedulerings wat toegestaan is gedurende die res van die finansiële jaar genormaliseer. Verligting is toegestaan op grond van voorafbepaalde kriteria.

Daar is verwag dat hierdie kliënte se betalingsgedrag beter sou wees as dié van ander herskeduleerde kliënte. Dit was inderdaad die geval, met suksesvolle betalings op betalingsvakansies en veranderlike herskedulerings van onderskeidelik meer as 80% en 90%, in die eerste maand waarin betalings moes geskied.

Ten einde risiko proaktief te bestuur en goeie betalingsgedrag by kliënte aan wie betalingsverligting toegestaan is, aan te moedig, het ons 'n renteterugbetalingsprogram van stapel gestuur. Indien die klient 6 opeenvolgende sukesvolle betalings gemaak het na die 3-maande betalingsvakansie of veranderlike betalingstermyn, is 50% van die rente gehef tydens hierdie periode, terugbetaal in die klient se leningsrekening. 'n Verdere 50% word terugbetaal indien die klient 12 opeenvolgende suksesvolle paaimente maak. Die totale bedrag wat tans ingesluit word in die kredietafskrywingskoste ten opsigte van hierdie program beloop R404 miljoen. Ingevolge IFRS 9 *Finansiële Instrumente*, is hierdie bedrag aangeteken as 'n leningsmodifikasieverlies. 'n Bedrag van R211 miljoen is reeds aan kliënte terugbetaal.

Die impak van die COVID-19 pandemie op die Suid Afrikaanse ekonomie is in ag geneem in ons vooruitskouings. Die vooruitskouingsaanpassings in ons modelle het gevolglik die onsekerheid rondom die tydsberekening van toekomstige wanbetaling, werkloosheid en ander makroekonomiese veranderlikes in ag geneem. Negatiewe, basislyn en positiewe scenarios is bepaal op grond van onafhanklike ekonomiese data en hierdie scenarios is geweeg om 'n waarskynlike vooruitskouing van die ekonomie te bied.

Hierdie vooruitskouing is gebruik in die berekening van die verwagte kredietverlies soos aangeteken op die inkomstestaat 'n Bedrag van R2.5 miljard van die bruto kredietafskrywingskoste vir die jaar hou verband met ons vooruitskouing van die ekonomie. Vir die 6 maande geëindig Augustus 2020, het hierdie bedrag R4.2 miljard bedra. Namate die COVID-19-verwante herskedulerings gerehabiliteer het, het betalingsgedrag positief gebly, die invorderingsomgewing gestabiliseer en die vereiste voorsiening vir kredietafskrywings afgeneem gedurende die 6 maande geëindig Februarie 2021.

Die onderstaande tabel toon die verandering in afskrywings, beweging in voorsiening vir kredietafskrywings en verhaalde slegte skuld op lenings en voorskotte.

	Volle jaar geëindig		6 maande geëindig		
R'm	**Feb 2021**	**Feb 2020**	**Feb 2021**	**Aug 2020**	**Feb 2020**
Slegte skuld afgeskryf[1]	**6 311**	5 106	**3 427**	2 884	3 007
Beweging in voorsiening vir kredietafskrywings[1]	**1 978**	517	**(1 434)**	3 412	(187)
Bruto kredietafskrywingskoste[2]	**8 289**	5 623	**1 993**	6 296	2 820
Slegte skuld verhaal[3]	**(929)**	(1 263)	**(454)**	(475)	(575)
Netto kredietafskrywingskoste	**7 360**	4 360	**1 539**	5 821	2 245

(1) Weens die oorgang na IFRS 9, moet slegte skuld wat afgeskryf is en die beweging in kredietafskrywingslyne saam oorweeg word.
(2) Ingevolge IFRS 9 word die kredietafskrywingskoste op 'n netto grondslag erken vir alle lenings geklassifiseer as fase 3, wat die rente-inkomste en die kredietafskrywingskoste vir hierdie jaar met R1 779 miljoen verminder (Februarie 2020: R1 526 miljoen).
(3) Slegte skuld ingevorder sluit in R199 miljoen (2020: R67 miljoen) in invorderings op lenings afgeskryf sedert 1 Maart 2018 ingevolge die afskrywingsbeleid wat aangeneem is met die oorgang na IFRS 9.

Leningsboek

Die bruto leningsboek het met 2% van R65.4 miljard tot R64.0 miljard afgeneem (Augustus 2020: R63.4 miljard). Die bruto kredietkaartboek het met 17% tot R6.8 miljard gestyg (2020: R5.8 miljard).

Die dekkingsverhouding op die totale leningsboek was 26.9% (Februarie 2020: 20.5%; Augustus 2020: 28.0%).

	Fase 1	Fase 2			Fase 3					
R'000	**Op-datum**	**Op-datum lenings met SICR en aansoek om skuld-hersiening >6 maande**	**Vooruit-skouing SICR[2]**	**Tot 1 maand agter-stallig**	**COVID-19 herskedu-lerings[1]**	**COVID-19 herskedu-lerings[1]**	**2 en 3 maande agter-stallig**	**Herskedu-lering vanaf op-datum (nog nie gerehabi-liteer nie)**	**Herskedu-lering vanaf agter-stallig (nog nie gerehabi-liteer nie)**	**Meer as 3 maande agter-stallig, regstatus, en aansoek om skuld-hersiening >6 maande**	**Totaal**
Saldo op 28 Februarie 2021											
Bruto lenings en voorskottte	38 711	4 220	4 564	1 008	392	24	1 904	2 105	2 403	8 654	63 985
Voorsiening vir kredietafskrywings (ECL)	(3 638)	(1 262)	(1 037)	(701)	(136)	(7)	(1 578)	(894)	(837)	(7 094)	(17 184)
Netto lenings en voorskotte	35 073	2 958	3 527	307	256	17	326	1 211	1 566	1 560	46 801
ECL dekking (%)	9.4	29.9	22.7	69.5	34.7	29.2	82.9	42.5	34.8	82.0	26.9
Saldo op 29 Februarie 2020											
Bruto lenings en voorskottte	48 311	3 492	954	1 172	–	–	1 550	1 130	1 471	7 358	65 438
Voorsiening vir kredietafskrywings (ECL)	(3 304)	(863)	(198)	(651)	–	–	(1 130)	(455)	(567)	(6 257)	(13 425)
Netto lenings en voorskotte	45 007	2 629	756	521	–	–	420	675	904	1 101	52 013
ECL dekking (%)	6.8	24.7	20.8	55.5	–	–	72.9	40.3	38.5	85.0	20.5

(1) COVID-19-verwante herskedulerings voor die Suid-Afrikaanse Reserwebank Riglynnota 3 van 2020, is hanteer as fase 3 volgens die bestaande beleid. Vanaf 6 April 2020 to 19 July 2020, is die op-datum lenings wat herskeduleer is en met SICR-kriteria as fase 2 COVID-19-verwante herskedulerings geklassifiseer.
(2) Verteenwoordig lenings waar die vooruitskouingsinligting dui op 'n SICR-aanwyser. Die vorige periode se syfers is uit een kolom in twee verdeel om 'n meer gedetaileerde oorsig van die SICR lenings te openbaar.

Die fase 1 op-datum boek het tot R38.7 miljard verlaag (2020: R48.3 miljard). Saldo's tussen 1 en 3 maande agterstallig het tot R2.9 miljard gestyg (2020: R2.7 miljard). Saldo's meer as 3 maande agterstallig (insluitend skuldhersiening en ander regsinvorderingstoestande) het R8.7 miljard bedra (2020: R7.4 miljard). Die dekkingsverhouding op hierdie lenings het tot 82.0% gedaal (2020: 85.0%).

Teen Februarie 2021, het ongerehabiliteerde COVID-19-herskedulerings R416 miljoen beloop (Augustus 2020: R5.5 miljard) teen 'n gemiddelde voorsieningspersentasie van 34.4% (Augustus 2020: 32.2%). Verdere saldo's van R1.9 miljard wat betrekking het op COVID-19-herskedulerings, wat vervolgens weer herskeduleer is, is ingesluit in herskedulerings nog nie gerehabiliteer nie in fase 3.

Ná 'n daling tot 58.8% van die totale bruto leningsboek teen Augustus 2020, bestaan die fase 1 boek nou uit 67.4% van die totale leningsboek (2020: 73.8%). Agterstallige saldo's verteenwoordig 4.6% van die boek vergeleke met 4.2% teen Februarie 2020. Lenings in verstek, teen 13.5%, verteenwoordig 'n hoër persentasie van die boek (2020: 11.2%).

Kredietlewensversekering

Kredietlewenspolisse verseker kliënte teen die risiko van aflegging, dood, permanente of tydelike ongeskiktheid en die onvermoë om 'n inkomste te verdien. Netto versekeringsinkomste het met 2% tot R965 miljoen gedaal (2020: R981 miljoen).

Premie-inkomste het met 18% vanaf R2.4 miljard tot R2.8 miljard gestyg. Die styging kan toegeskryf word aan 'n verhoging in premies. Die premies is verhoog in reaksie op die verhoogde afleggings- en doodsrisiko's weens die COVID-19 pandemie.

Ons het nie die afleggingsherversekeringsooreenkomste wat tot die einde van April 2020 in plek was hernu nie. Gevolglik is ons verantwoordelik vir die uitbetaling van afleggingseise met 'n afleggingsdatum ná 30 April 2020. Alle geldige eise met 'n afleggingsdatum vóór 1 Mei 2020 is en sal deur die herversekeraar uitbetaal word.

Vir die tydperk vanaf 1 Mei 2020 tot 31 Julie 2020 was ons nie herverseker vir doodsrisiko nie en is ons gevolglik verwantwoordelik vir die uitbetaling van alle sterfte-eise met 'n sterfdatum gedurende hierdie tydperk. Ons het die volle leningsboek vir sterftevoorvalle vanaf 1 Augustus 2020 tot 30 April 2021 herverseker.

Ons sal in die toekoms die relatiewe voordele van selfversekering teenoor herversekering oorweeg.

Die verandering in die versekeringsmodel het tot gevolg gehad dat die herversekeringspremiekoste met 55% vanaf R918 miljoen tot R416 miljoen gedaal het.

Totale eise betaal vir die jaar, voor herversekeringsinvorderings, het R1.4 miljard beloop (2020: R770 miljoen). Herversekeringsinvorderings het R546 miljoen bedra (2020: R715 miljoen). Ons het gevolglik R897 miljoen se eise gedra.

Afleggingseise het R1.0 miljard van totale eise verteenwoordig vergeleke met R498 miljoen vir die jaar geëindig Februarie 2020. Die aantal eise is beïnvloed deur die COVID-19 pandemie wat gelei het tot 'n toename in besigheidsluitings en afleggings in Suid-Afrika. Doodseise het vanaf R253 miljoen tot R414 miljoen gestyg deels vanweë die impak van die pandemie.

Teen die einde van Februarie 2021, het ons 'n voorsiening vir gebeurtenisse nog nie gerapporteer nie (IBNR) van R267 miljoen vir afleggings gehou. Weens die onsekerheid rondom die tydsberekening van die volle impak van die pandemie, het ons 'n omsigtige benadering ten opsigte van die bepaling van IBNR.

Capitec Begrafnisplan

Begrafnisplaninkomste het met 57% jaar-op-jaar tot R650 miljoen gestyg (2020: R413 miljoen). Aktiewe polisse het 1.2 miljoen teen die einde van Februarie 2021 beloop (2020: 0.9 miljoen). Ons het gemiddeld 85 000 polisse per maand gedurende die jaar uitgereik.

Kliënte word laer premies aangebied op polisse uitgereik via die banktoepassing. In totaal, is 16% van polisse via die banktoepassing gedurende die 2021 finansiële jaar uitgereik (2020: 15%).

Die gemiddelde premies en invorderings is soos te wagte. Bestendigheid word bereken volgens die aantal polisse wat 3 maande ná die aanvangsdatum steeds aktief is. Bestendigheid staan op 41% (Februarie 2020: 48%, Augustus 2020: 42%).

Besigheidsbank

Die oorsigjaar was een van konsolidasie, integrasie en belegging om die toekomstige volhoubare groei van die Besigheidsbank te dryf. Dit, tesame met die negatiewe impak van COVID-19, en ons omsigtige benadering ten opsigte van die skep van kredietverliese, het veroorsaak dat die Besigheidsbank 'n verlies van R1.0 miljoen vir die jaar gely het.

Kliënte

Die Besigheidsbank se kliëntebasis het met 33% tot 90 534 verhoog namate ons strategie om die bank uit te brei momentum gekry het.

Krediet

Die Besigheidsbank se leningsboek het staties gebly gegewe die heersende ekonomiese omgewing wat verder ingeperk is deur die COVID-19 pandemie.

'n Totaal van 1 017 kliënte is bygestaan met betalingsvakansies en moratoriums op saldo's ten bedrae van R4.2 miljard. Aan die einde van Februarie 2021, het die uitstaande saldo op die betalingsvakansies en moratoriums R3.6 miljard beloop.

Ons het deelgeneem aan die COVID-19-Leningswaarborgskema waarvolgens lenings, wat grotendeels deur die regering gewaarborg is, voorgeskiet is aan geskikte besighede om hulle gedurende die COVID-19 pandemie by te staan. Fondse wat by hierdie skema geleen is, deur die bankbedryf, kan aangewend word vir bedryfsuitgawes soos salarisse, huurgeld en huurooreenkomste en kontrakte met verskaffers. 'n Totaal van R659 miljoen is uitbetaal aan geskikte kliënte. Aan die einde van Februarie, het uitstaande saldo's R636 miljoen beloop.

Die netto kredietafskrywingskoste vir die 12 maande geëindig 28 Februarie 2021 het R405 miljoen bedra. Dit sluit in 'n COVID-19-vooruitskattingskoste van R131 miljoen. Die voorsieningsdekkingsverhouding is 6.0% (2020: 3.0%).

Koste-inkomste-verhouding

Die koste-inkomste-verhouding het op 41% gebly ten spyte van die impak van die COVID-19 pandemie op inkomste. Bedryfsuitgawes het met 10% verhoog vergeleke met die vorige jaar.

Kontanthanterings- en kontant-in-transito-uitgawes het met 10% afgeneem jaar-op-jaar weens laer aanvraag na kontant gedurende die pandemie sowel as die oorskakeling na digitale bankdienste deur kliënte. Ons het papierlose bankdienste geïmplementeer wat gelei het tot doeltreffendhede en 'n kostebesparing van R60 miljoen op drukwerk.

Alle werknemers is in ag geneem vir salarisverhogings gedurende die 2021 finansiële jaar en niemand is afgelê nie. Die aantal werknemers het stabiel gebly op 14 672 (2020: 14 590). Weens die afname in wesensverdienste en die geringe styging in die aandeleprys gedurende die jaar (Februarie 2021: R1 338.75; Februarie 2020: R1 299.99), het die aansporingskoste met 38% verlaag.

Kredietgraderings

S&P Global Ratings het op 20 November 2020 die soewereine gradering tesame met die graderings van Capitec en ander Suid-Afrikaanse banke met stabiele vooruitsigte bevestig. Ons het 'n internasionale langtermyngradering van BB- en 'n internasionale korttermyngradering van B. Die Suid-Afrikaanse nasionale langtermyngradering is zaAA en die korttermyngradering zaA-1+.

Kapitaal en likiditeit

Ons is steeds goed gekapitaliseer met 'n kapitaaltoereikendheidsverhouding van 36.7% op 28 Februarie 2021.

Ons voldoen aan die Basel 3-likiditeitsdekkingsverhouding (LCR) asook die netto stabiele befondsingsverhouding (NSFR). Ons LCR is 2 459% en die NSFR 221% as gevolg van ons konserwatiewe likiditeitstrategie. Die Basel 3-vereiste vir die NSFR is 100%.

Op 31 Maart 2020 het die Suid-Afrikaanse Reserwe Bank Riglynnota 1 van 2020 uitgereik wat tydelik die minimum LCR vereiste verlaag het van 100% na 80%.

Belasting

Die belasting toeskryfbaar aan die winste op selversekeraars word afgetrek van die netto versekeringsinkomste en begrafnisplaninkomste en word nie ingesluit by die belastingkostelynitem nie. Dit het die gerapporteerde effektiewe belastingkoers vir die huidige jaar na 20.2% verlaag (2020: 22.4%). Saam met die belasting betaalbaar in die selversekeraars, is die effektiewe belastingkoers vir die groep 28.3% (2020: 27.4%).

Werknemers

Ons bring hulde aan alle werknemers wat in 'n moeilike fisiese omgewing moes werk, ondanks die COVID-19 pandemie. Die dapperheid en onselfsugtige gedrag van werknemers wat direk met die kliënte moes skakel, word opreg waardeer.

Baie werknemers het van die huis af gewerk gedurende die COVID-19 pandemie en oproepsentrums is afstandsgewys deur middel van skootrekenaars bedryf. Werknemers is besig om op 'n verantwoordelike wyse na die kantoor toe terug te keer.

Vooruitsigte

Ons het op 1 Maart 2021, amptelik ons 20ste bestaansjaar gevier. Ons kyk terug na hoe ons die bankwese getransformeer het en word steeds geïnspireer om die finansiële lewens van ons kliënte te verbeter. Ons sal fokus op behendigheid en digitalisering om bankdienste te vereenvoudig, dit meer bekostigbaar, meer toeganklik en meer persoonlik te maak.

Ons sal fokus op digitale e-handelsdryf produkgeleenthede asook om klientegedrag te beïnvloed.

Ons is opgewonde om die Besigheidsbankaanbieding uit te brei na 'n meer doeltreffende, kliënt-vriendelike omgewing.

Dividend

'n Finale bruto dividend van 1 600 sent per gewone aandeel (2020: Rnul) is op 12 April 2021 verklaar, wat die totale dividend vir die 2021 finansiële jaar op 1 600 sent per aandeel te staan bring (2020: 755 sent per aandeel). Daar is 115 626 991 gewone uitgereikte aandele.

Die finale dividend voldoen aan die definisie van 'n dividend ingevolge die Inkomstebelastingwet, Wet 58 van 1962. Die dividendbedrag, netto van Suid-Afrikaanse dividendbelasting van 20%, is 1 280 sent per aandeel. Die uitkering word uit inkomstereserwes gemaak. Capitec se belastingverwysingsnommer is 9405376840.

Laaste dag om *met*-dividend te verhandel	Dinsdag, 4 Mei 2021
Verhandeling *ex*-dividend begin op	Woensdag, 5 Mei 2021
Rekorddatum	Vrydag, 7 Mei 2021
Betaaldatum	Maandag, 10 Mei 2021

Aandelesertifikate mag nie vanaf Woensdag, 5 Mei 2021 tot Vrydag, 7 Mei 2021, beide dae ingesluit, gedematerialiseer of gehermaterialiseer word nie.

Ingevolge die maatskappy se akte van inkorporasie, sal dividende slegs elektronies oorgeplaas word na die bankrekeninge van gesertifiseerde aandeelhouers, aangesien dividendtjeks nie meer uitgereik word nie. In gevalle waar gesertifiseerde aandeelhouers nie hul bankbesonderhede aan die oordragsekretarisse verskaf nie, sal die dividend nie verbeur word nie, maar as "onopgeëis" in die dividendregister aangeteken word totdat die aandeelhouer die gepaste bankbesonderhede vir uitbetaling aan die oordragsekretarisse verskaf.

Die hoof finansiële beampte se oorsig is beskikbaar by **www.capitecbank.co.za.**

Namens die direksie

Santie Botha
Voorsitter



Gerrie Fourie
Hoof Uitvoerende Beampte

Stellenbosch
13 April 2021

CAPITEC BANK HOLDINGS LIMITED

Sleutel prestasie-aanwysers

				% veranderinge
		2021	**2020**	**2021/2020**
Winsgewendheid				
Rente-inkomste op lenings[1]	R'm	**13 401**	13 552	(1)
Rente-inkomste op beleggings	R'm	**3 143**	3 489	(10)
Totale rente-inkomste	R'm	**16 544**	17 041	(3)
Netto leningsfooi- en versekeringsinkomste	R'm	**1 863**	1 871	–
Totale lenings-, beleggings- en versekeringsinkomste minus leningsfooikoste	R'm	**18 407**	18 912	(3)
Rente betaal	R'm	**(4 985)**	(5 680)	(12)
Netto lenings-, beleggings- en versekeringsinkomste	R'm	**13 422**	13 232	1
Netto transaksiefooi-inkomste	R'm	**8 708**	7 416	17
Ander inkomste	R'm	**114**	32	>100
Netto buitelandse valuta-inkomste	R'm	**111**	38	>100
Begrafnisplaninkomste	R'm	**650**	413	57
Inkomste uit bedrywighede	R'm	**23 005**	21 131	9
Kredietafskrywingskoste[1]	R'm	**(7 825)**	(4 474)	75
Netto inkomste	R'm	**15 180**	16 657	(9)
Bedryfsuitgawes	R'm	**(9 463)**	(8 612)	10
(Verlies)/inkomste van geassosieerdes en gesamentlike ondernemings	R'm	**(7)**	11	
Waardedaling van beleggings in geassosieerde	R'm	**(122)**	–	
Inkomste voor belasting	R'm	**5 588**	8 056	(31)
Belasting	R'm	**(1 130)**	(1 805)	(37)
Voorkeurdividend	R'm	**(4)**	(7)	(43)
Diskonto op terugkoop van voorkeuraandele	R'm	**(2)**	(1)	100
Verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers				
Basiese verdienste	R'm	**4 452**	6 243	(29)
Wesensverdienste	R'm	**4 586**	6 277	(27)
Netto transaksiefooi- en begrafnisplaninkomste tot netto inkomste	%	**62**	47	
Netto transaksiefooi- en begrafnisplaninkomste tot bedryfsuitgawes	%	**99**	91	
Koste-inkomste-verhouding	%	**41**	41	
Opbrengs op gewone aandeelhouersekwiteit	%	**17**	28	
Verdienste per aandeel				
Toeskryfbare verdienste	sent	**3 850**	5 400	(29)
Wesensverdienste	sent	**3 966**	5 428	(27)
Verwaterde toeskryfbare verdienste	sent	**3 848**	5 391	(29)
Verwaterde wesensverdienste	sent	**3 963**	5 420	(27)
Dividende per aandeel				
Tussentydse	sent	**–**	755	
Finale	sent	**1 600**	–	
Totale	sent	**1 600**	755	
Dividenddekking	keer	**2.5**	7.2	
Bates				
Netto lenings en voorskotte	R'm	**57 189**	62 043	(8)
Finansiële instrumente teen geamortiseerde koste[2]	R'm	**84 312**	59 439	42
Finansiële instrumente teen billike waarde deur middel van wins en verlies	R'm	**2 970**	1 504	97
Finansiële bates – ekwiteitsinstrumente teen billike waarde deur middel van ander omvattende inkomste	R'm	**69**	101	(32)
Ander	R'm	**11 967**	11 481	4
Totale bates	R'm	**156 507**	134 568	16
Laste				
Deposito's en groothandelbefondsing	R'm	**120 908**	103 343	17
Ander	R'm	**5 684**	5 644	1
Totale laste	R'm	**126 592**	108 987	16
Ekwiteit				
Aandeelhouersfondse (totale ekwiteit)	R'm	**29 915**	25 581	17
Kapitaaltoereikendheidsverhouding	%	**37**	31	
Netto batewaarde per gewone aandeel	sent	**25 872**	22 061	17
Aandeleprys	sent	**133 875**	129 999	3
Markkapitalisasie	R'm	**154 796**	150 314	3
Aantal uitgereikte aandele	'000	**115 627**	115 627	–
Aandeelopsies				
Aantal uitstaande	'000	**552**	491	12
Aantal uitstaande tot uitgereikte aandele	%	**0.5**	0.4	
Gemiddelde uitoefeningsprys	sent	**91 395**	70 889	29
Gemiddelde tyd tot vervaldag	maande	**30**	21	
Bedrywighede				
Takke		**857**	864	(1)
Werknemers		**14 672**	14 590	1
Aktiewe kliënte	'000	**15 829**	13 887	14
OTMs en kontanthersirkuleerders				
Eie		**2 660**	2 388	11
Vennootskap		**4 065**	3 264	25
Totale		**6 725**	5 652	19
Kapitaalbesteding	R'm	**837**	1 403	(40)
Kredietverkope				
Waarde van kredietkaartuitbetalings/-onttrekkings	R'm	**10 039**	9 934	1
Waarde van toegangsfasiliteituitbetalings/-onttrekkings	R'm	**6 398**	–	
Waarde van termynlenings toegestaan[3]	R'm	**14 262**	28 809	(50)
Waarde van kredietfasiliteituitbetalings/-onttrekkings	R'm	**206**	651	(68)
Waarde van verbandlenings toegestaan	R'm	**1 553**	509	>100
Waarde van besigheidslenings toegestaan	R'm	**674**	531	27
Waarde van ootrekkings toegestaan/uitbetaal	R'm	**45 120**	14 324	>100
Waarde van totale lenings toegestaan	R'm	**78 252**	54 758	43
Kredietboek				
Bruto lenings en voorskotte	R'm	**75 026**	75 783	(1)
Op-datum	Fase 1	R'm	**47 696**	57 626	(17)
Op-datum met beduidende toename in kredietrisiko (SICR)	Fase 2	R'm	**4 349**	3 616	20
Vooruitskouing - SICR	Fase 2	R'm	**4 564**	954	>100
Totale op-datum	Fase 1 Fase 2	R'm	**56 609**	62 196	(9)
Agterstallig	Fase 2	R'm	**1 034**	1 200	(9)
Agterstallig	Fase 3	R'm	**1 904**	1 550	23
Totale agterstallig		R'm	**2 938**	2 750	7
Aansoek om skuldhersiening binne 6 maande	Fase 3	R'm	**137**	83	66
COVID-19-herskedulerings	Fase 2	R'm	**1 267**	–	
COVID-19-herskedulerings	Fase 3	R'm	**61**	–	
Op-datum herskeduleer vanaf op-datum (nog nie gerehabiliteer nie)	Fase 2	R'm	**172**	226	(24)
Op-datum herskeduleer vanaf op-datum (nog nie gerehabiliteer nie)[4]	Fase 3	R'm	**2 105**	1 130	86
Op-datum herskeduleer vanaf agterstallig (nog nie gerehabiliteer nie)	Fase 2	R'm	**92**	71	30
Op-datum herskeduleer vanaf op-datum (n